

25 April

Skrifgedeelte: Johannes 20:26-31

Fokusgedeelte: Johannes 20:31

Sekerheid uit die Woord en die samekoms van die gelowiges

Tomas het verskriklik baie misgeloop net omdat hy hom nie bevind het waar hy behoort te gewees het nie: Sondag saam met die medegelowiges. Dit is waar Jesus werk en sy kinders tot die blye sekerheid van vers 25 bring: “Ons het die Here gesien!” Daarom kry hy swaar en bly hy vasval in sy twyfel: “As ek nie ... sien nie, sal ek nooit glo nie.” Baie mense twyfel vandag nog – dieselfde rede as waarom Tomas getwyfel het. Jesus verskyn nie aan Tomas daar eenkant op sy eie nie, maar wag dat hy die volgende Sondag is waar hy moet wees. Daar werk die Here persoonlik met hierdie twyfelmoedige dissipel.

Toe Jesus met Tomas praat, gebeur die wonderlike as hy bely: “My Here en my God!

Jesus se reaksie hierop is dat Hy Tomas ’n geseënde noem omdat hy glo. Jesus noem egter almal geseënd wat glo sonder dat hulle gesien het – hulle wat die getuienis van die apostels aanvaar!

Om ons tot die belydenis van Tomas te bring het die Heilige Gees ’n wonder gedoen. Die apostoliese getuienis is neergeskryf en oorgelewer. Die doel van die Bybel word in vers 31 saamgevat: “... sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.” Het die Heilige Gees al met die Bybel dié doel in u lewe bereik?

U weet nou waar om dit alles te soek en te kry, naamlik in sy Woord, saam met die gelowiges!

Sing: Psalm 33:5 (JDdT)

Ds. Chris Hattingh (Randburg)